



Kleuterklas: Totius-Akademie



Hoek van Molen- en Esselenstraat, Potchefstroom



(018) 294 4800



Posbus 19949, Noordbrug, 2522

INSKRYWING van kleuter (Gr R en RR) (2019)

Hierdie vorm is 'n ooreenkoms (kontrak) tussen die ouers¹ en die skoolvereniging en vorm die basis waarvolgens wedersydse verpligting tussen die ouers en die skoolvereniging gereël word. Die vorm moet dus jaarliks ingevul en geteken word. Vir elke leerder wat as kleuter by die skool ingeskryf word, moet 'n aparte vorm ingevul word.

1 Besonderhede van kind

Hiermee skryf ondergetekende(s) die volgende kind in by Totius-Akademie se kleuterklas:

Van (familienaam)			
Volle name			
Noemnaam			
ID nommer			
Geboortedatum			
Vorige kleuterskool (indien van toepassing)			
Klas waarvoor inskrywing geld²		Geslag	
Mediese inligting oor leerder			
Mediese toestand ³			
Gereelde medikasie			
Allergieë en ander belangrike mediese inligting			

¹ In die die inskrywingsvorm word die term "ouer" verstaan na aanleiding van die Onderwyswet, Art 1, om ook 'n wettige voog in te sluit. Slegs wettige ouers/voogde wat by magte is om die kontrak met die skool aan te gaan vir die onderwys van hulle kind, vul in en teken. Waar ouers vervreemd of geskei is, moet sover moontlik beide die ouers se gegewens ingevul word en moet beide ouers teken. In geval van 'n enkelouer wat alleen voogdyskap oor 'n kind het, moet dit duidelik aangedui word.

² Graad R (een jaar voor Graad 1); Graad RR (twee jaar, by uitsondering langer, voor Graad 1).

³ Is daar 'n besondere mediese toestand waarvan die onderwyser moet weet?

Mediese fonds⁴

Naam van mediese fonds:

Hooflid se voorletters en van:

Nommer van mediese fonds:

Verdere besonderhede:⁵**Huisdokter**

Van en naam/voorletters:

Telefoon:

Kontakpersoon in geval van nood (buiten ouers)

Naam, van en kontakbesonderhede:

2 Besonderhede van ouers

	Ouer 1	Ouer 2
Van (familienaam)		
Volle name		
Noemnaam		
ID nommer		
Verhouding met kind⁶		
Woonadres		
Posadres		
Huistelefoon		
Selfoon		

⁴ Indien daar geen mediese fonds is nie, laat blanko.⁵ Noem die afhanklike-kode en die mediese fonds-plan, indien beskikbaar.⁶ Pa, stiefpa, voog of geen wetlike verbintenis.

Werktelefoon		
E-posadres		
Kerkverband (denominasie) & gemeente⁷		
Besondere gesinsomstandighede⁸		

3 Toestemming en vrywaring⁹

- Ek gee toestemming dat die kind deelneem aan al die aktiwiteite wat Totius-Akademie aanbied, insluitend uitstappies en speletjies op die skoolterrein, tensy ek in spesifieke gevalle skriftelik die kind aan 'n aktiwiteit onttrek of hierbo by mediese inligting aangedui het dat hy/sy nie aan sekere aktiwiteite mag deelneem nie en dit ook persoonlik onder die prinsipaal se aandag gebring het.
- Ek verstaan en aanvaar dat alle toere en uitstappies wat onderneem word, op eie risiko geskied en vrywaar hiermee Potchefstroomse Christelike Onderwysvereniging (PCO), Totius-Akademie en al die verteenwoordigers en werknemers van die vereniging en skool teen enige eise wat mag voortspruit uit enige verlies of skade aan eiendom of besering aan enige persoon en/of aan die kind in die verloop van enige aktiwiteite of uitstappies (ingesluit alle vervoer) in die wete dat die verteenwoordigers en werknemers van die vereniging en skool alle moontlike voorsorg tref vir die veiligheid en welstand van die kinders.
- Ek gee ook aan die vereniging en skool, en die verteenwoordigers en werknemers, toestemming dat die kind na 'n dokter of hospitaal geneem mag word as daar 'n noodgeval is waartydens ek nie gekontak kan word nie. Ek aanvaar hiermee aanspreeklikheid vir die betaling van enige en alle koste wat daaruit mag voortspruit. Ek aanvaar ook dat, indien geen mediese fonds op hierdie vorm aangedui word nie of foutief aangedui word, die kind na 'n openbare (staats-) hospitaal vir behandeling geneem sal word.

4 Algemene ondernemings deur ouer¹⁰

- Ek skryf hiermee bogenoemde kind in by Totius-Akademie se kleutergroep.
- Ek het die visie, missie en waardes van Totius-Akademie¹¹ gelees en stem in dat die kind daarvolgens kleuterskoolonderrig ontvang.
- Ek stem in dat onderrig geskied ooreenkomstig die reformatoriese grondslag soos verwoord in die Grondwet van Potchefstroomse Christelike Onderwysvereniging (PCO) en soos verder uitgewerk in die Skoolcredo¹² en die dokument wat die grondslag verduidelik.

⁷ Meld die kerkverband en gemeentenaam waar u aktiewe lidmaat is, bv. Gereformeerde Kerk Potchefstroom; AGS Bailliepark.

⁸ Bv. **Enkelouer**: Geskei, plek waar ander ouer van kind(ers) woon; **Hersaamgestelde gesin**: Gee besonderhede, meld ook of die ouer van die kind(ers) weer getroud is of in 'n saambly-verhouding is.

⁹ Die onderneming word in hierdie en die volgende hoofpunt in die enkelvoud gestel, aangesien dit geld vir elk van die ouers wat onderteken.

¹⁰ Die onderneming word in hierdie en die volgende hoofpunte in die enkelvoud gestel, aangesien dit geld vir elk van die ouers wat onderteken.

¹¹ Op aanvraag of op die skool se webwerf beskikbaar.

¹² Skoolcredo staan ook bekend as "Merktekens van die Christelike skool". Beide dokumente is op aanvraag of op die skool se webwerf beskikbaar.

5 Finansiële ondernemings deur ouer

5.1 Ek onderneem om die skoolgeld ten opsigte van bogenoemde leerder maandeliks vooruit te betaal¹³.

- Ek onderneem om die skoolgeld op die volgende wyse te betaal:¹⁴
- Ek verstaan dat die skoolgeld betaalbaar is, hetsy die skool 'n rekening aan my stuur of nie.
- Ek verstaan dat toegang tot die skool onmiddellik opgehef kan word wanneer die kind se skoolgeld 'n maand agterstallig is.
- Ek onderneem om die skool te voorsien van dokumentêre bewyse in die geval van elektroniese betalings (ETF's) van skoolgeld indien die tesourier sodanige bewyse nodig het.
- Ek verstaan dat ek steeds verantwoordelik gehou sal word vir alle uitstaande gelde wanneer die kind die skool verlaat, asook moratore rente (rente op agterstallige bedrae) en enige regskoste wat kan ontstaan indien die gelde deur 'n prokureur ingevorder moet word.
- Ek onderneem om een maand skriftelik kennis te gee indien die leerder die skool verlaat. Ek verstaan dat ek aanspreeklik gehou sal word vir een maand se skoolgeld nadat skriftelik kennis gegee is, en by gebrek aan sodanige kennisgewing, een volle kalendermaand nadat die kind die skool verlaat het. Ek verstaan ook dat die skool geen dokumentasie oor vordering kan voorsien aan kinders wat die skool verlaat sonder dat alle finansiële verpligtinge ten volle betaal is nie.
- Ek verstaan dat beide ouers aanspreeklik gehou kan word vir betaling van skoolgelde, tensy daar uitdruklik ooreengekom word dat slegs een van die ouers of 'n ander party ten volle vir die skoolgelde verantwoordelik is of as slegs een ouer die ooreenkoms teken.

6 Bedrag met inskrywing betaal¹⁵

Eerste maand se skoolgeld	R
Ander: _____	R
TOTAAL	R

¹³ Die tariewe word aan die einde van hierdie vorm genoem.

¹⁴ Kontant, per elektroniese bankoortbetaling (ETF) of per aftrekorder.

¹⁵ In kontant of met die betaalbewys aangeheg. Die skool se rekeningbesonderhede vir direkte inbetalings kan by die skool se kantoor gekry word. Betaling van ten minste helfte van die eerste maand se skoolgeld (nie terugbetaalbaar nie) word as bevestigingsfooie vereis om 'n kleuter se plek te verseker, aangesien die skool vooruit reëlings moet tref ten opsigte van onderwysers en apparaat.

GETEKEN:

OUER 1:	Datum:	Plek:
(Handtekening)		
Getuie:	
(Voorletters en van))	(Handtekening)	

OUER 2:	Datum:	Plek:
(Handtekening)		
Getuie:	
(Voorletters en van))	(Handtekening)	

7 Onderneming deur skool

Hiermee onderneem Totius-Akademie om binne sy vermoë sy missie-stelling gestand te doen, naamlik om as onafhanklike skool Christelike onderwys van hoë gehalte deur medium van Afrikaans te bied aan die kleuter wat ingeskryf word.

GETEKEN:

Verteenwoordiger van Beheerraad:	
.....	Datum:
Prinsipaal:	Datum:

**Alle ondertekenaars moet asseblief ook al die ander bladsye parafeer.
'n Fotokopie van die getekende dokument is op aanvraag beskikbaar.**

- Die kleuterklas is 'n integrale deel van Totius-Akademie, hoewel dit in sekere opsigte as 'n aparte bedryfseenheid hanteer word. Totius-Akademie word deur die Potchefstroomse Christelike Onderwysvereniging (PCO) bedryf.
- Kleuters van Totius-Akademie ontvang voorkeur wanneer aansoeke vir Graad 1 oorweeg word. Toegang tot die kleutergroep beteken egter nie outomatiese toegang tot die laerskool nie. Ouers doen formeel aansoek vir toelating tot Graad 1. 'n Leerder moet skoolgereed wees, soos blyk uit 'n skoolgereedheidstoets wat hy/sy by 'n onafhanklike professionele opvoedkundige sielkundige aflê.
- Die Beheerraad behou die reg voor om in besondere omstandighede toelating te weier.
- Die **fooie** van die kleuterklas is soos volg vir 2019:
 - Geen registrasiegeld is betaalbaar nie, maar die eerste maand se skoolgeld is reeds by inskrywing betaalbaar.
 - Die jaarlikse skoolgeld word in elf maandelikse paaiemente voor die vyfde van elke maand betaal. Daar word dus nie Desembermaand betaal nie.
 - Vir halfdag is die fooi R15 015 per jaar (R1 365 per maand vir elf maande)
 - Vir voldag is die fooi R18 700 per jaar (R1 700 per maand vir elf maande)
- **Kos/verversings:**
 - 'n Ligte middagete word verskaf aan kleuters wat voldag by die skool ingeskryf is.
 - Geen ontbyt word verskaf nie, met die gedagte dat kleuters by die huis eet.